GAUTENG
PROVINCIAL GOVERNMENT
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GPR-BEGROTING

GEPUBLISEER DEUR DIE GAUTENGSE PROVINSIALE REGERING MAART 2016




## DIE GAUTENGSE LUR VIR FINANSIES, BARBARA CREECY, HET DIE PROVINSIALE BEGROTING OP 8 MAART 2016 TER TAFEL GELÊ.


Die Gauteng Provinsiale Regering (GPR) se Mediumtermynbestedingsraamwerk (MTBR)-begroting vir 2016 wat in die Gauteng Provinsiale Wetgewer ter tafel gelê word, is die middeltermynbegroting van die huidige administrasie. Dit herbevestig ons verbintenis om die lewensgehalte van Gauteng se burgers te verbeter ten spyte van die moeilike ekonomiese tye wat ons beleef.

Hierdie begroting weerspieël die moeilike keuses wat ons moes maak terwyl die provinsie en Suid-Afrika as geheel steeds met die heersende uitdagende internasionale en plaaslike ekonomiese omgewing worstel. Hoewel die provinsie nog die Tienpilaarprogram van Radikale Maatskaplike Transformasie, Modernisering en Herindustrialisering befonds, sal die befondsingskeuses beslis 'n aanmerklike uitwerking op die burgers se lewenstandaard hê. Nieteenstaande die in-migrasie na die provinsie en die beduidende afname van R2,9mjd in die provinsie se begroting wat oor die 2016-MTBR van die nasionale regering ontvang word, bly die GPR daarop gefokus om hom te beywer vir die verwesenliking van doelwitte en oogmerke deur die befondsing van prioriteitsprojekte en -programme.

Die provinsie sal oor die 2016-MTBR R42,3mjd bestee aan konstruksie, rehabilitasie en instandhouding van infrastruktuur om tot werkskepping en groei in die ekonomie by te dra. Dit is gelykstaande aan 13 persent van die totale provinsiale begroting. Sleutelprojekte wat befonds moet word, sluit in die bou en inbedryfstelling van die Provinsiale Argiefsentrum, die Vroue se Lewende Monument, biblioteke, mediese toerusting vir hospitale en klinieke en die megaprojekte rakende die menslikenedersettingontwikkelings by Savannah City en Syferfontein.

Die totale provinsiale begroting vir die 2016/17 finansiële jaar is R103,4mjd, waarvan die grootste deel (78 persent) toegeken word aan maatskaplike dienste, wat Gesondheid, Onderwys en Maatskaplike Ontwikkeling insluit. Om ons verbintenis tot die verskaffing van gehaltegesondheidsorg, onderwys vir verdienstelike leerders en die beskerming van kwesbare mense te toon, ontvang hierdie drie departemente 55 persent van die provinsiale bykomende befondsing. Hulle word dus nie deur die begrotingsinkortings geraak nie.

Ons, die Gauteng Provinsiale Regering, vertrou dat hierdie begrotingsopsomming almal sal help om ons prioriteite vir die 2016-begroting beter te verstaan.




**Om toegang tot die volledige 2016 Gautengse Begrotingsrede en die Gautengse Begroting te verkry, besoek ons by:**

www.treasury.gpg.gov.za

## Toegang tot inligting

**Besoek ons webwerf by:**
www.gautengonline.gov.za

**Kommentaar op die begroting is welkom en kan gestuur word aan:**
Die Departementshoof
Gauteng Provinsiale Tesourie
Privaat Sak X12
Marshalltown
Johannesburg
2107

**Telefoon nommer:** 011 227 9000

GAUTENG PROVINCE
TREASURY
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

## Gauteng se program van tien pilare

**Transformasie**
- Radikale ekonomiese transformasie
- Beslissende ruimtelike transformasie
- Transformasie van die staat en regering
- Transformasie van staat en regering

**Modernisering**
- Modernisering van die staatsdiens en die staat
- Modernisering van die ekonomie
- Modernisering van menslike nedersettings en stedelike ontwikkeling
- Modernisering van openbare vervoer en ander infrastruktuur

**Herindustrialisering**
- Herindustrialisering van Gauteng as ons land se ekonomiese naaf
- Neem leiding in Afrika se nuwe nywerheids-omwenteling


## Bronne van ons begroting

**BRONNE VAN ONS BEGROTING**


| Bron | Bedrag |
|---|---|
| Nasionale Tesourie | R98.439mjd (95%)<br>Billike deel: R79.600mjd<br>Voorwaardelike toekennings: R18.839mjd |
| Gautengse Provinsiale Regering | R4 982mjd (5%)<br>Provinsiale eie inkomste |
| Regstreekse laste | Minus: R87m |
| Provinsiale Inkomstefonds | R37m |

**TOTALE BEGROTING**
**R103 371mjd**

## Eie Inkomste




## Voorwaardelike Toekennings




**TOTALE BEGROTING**
**R18 861mjd**

* Sluit R22m in wat toegeken is van die Provinsiale Inkomstefonds.

## Provinsiale Besteding

### Funksie

**TOTALE BEGROTING**
**R103 365mjd**


| Onderwys | Gesondheid | Paaie en Vervoer | Menslike Nedersettings | Maatskaplike Ontwikkeling | Ander |
|---|---|---|---|---|---|
| R39.069mjd (38%) | R37.408mjd (36%) | R7.300mjd (7%) | R5.871mjd (6%) | R4.235mjd (4%) | R9.482mjd (9%) |

### Ekonomiese Klassifikasie

**TOTALE BEGROTING**
**R103.365mjd**

| Besoldiging van werknemers | Goedere en dienste | Oordragte en subsidies | Betalings vir kapitaalbates en finansiële bates |
|---|---|---|---|
| R56.753mjd (55%) | R20.184mjd (19%) | R19.096mjd (19%) | R7.332mjd (7%) |

## Personeelbesteding




**TOTALE PERSONEELBESTEEDING**
**R56.753mjd**

## Maatskaplike Dienste

**TOTALE MAATSKAPLIKE DIENSTE**
**R80.712mjd**

**Onderwys**

- **Openbare Gewone Skoolonderwys** R28.624mjd
- **Openbare Spesiale Skoolonderwys** R2.022mjd
- **Eksamen- en Onderwysverwante Dienste** R1.308mjd
- **Ander** R7.115mjd


**Gesondheid**

- **Distriksgesondheidsdienste** R12.598mjd
- **Sentrale Hospitaaldienste** R12.610mjd
- **Provinsiale Hospitaaldienste** R6.910mjd
- **Gesondheidswetenskappe en Opleiding** R976m
- **Ander** R4.314mjd

**Maatskaplike Ontwikkeling**

- **Kinders en Gesinne** R2.081mjd
- **Maatskaplike Welsynsdienste** R734m
- **Hersteldienste** R447m
- **Ontwikkeling en Navorsing** R454m
- **Ander** R519m

## Infrastruktuurbesteding




**TOTALE INFRASTRUKTUURBESTEDING**
**R13.222mjd**

*Infrastruktuurbesteding vervolg op bl.4*

*Infrastruktuurbesteding*

**Gesondheid**
R1.968mjd

**Sentrale Korridor**
R687m
**Oostelike Korridor**
R326m
**Noordelike Korridor**
R547m
**Suidelike Korridor**
R127m
**Westelike Korridor**
R132m
**Oor verskeie korridors**
R149m

**Menslike Nedersettings**
R5.260mjd

**Sentrale Korridor**
R1.265mjd
**Oostelike Korridor**
R1.004mjd
**Noordelike Korridor**
R1.037mjd
**Suidelike Korridor**
R887m
**Westelike Korridor**
R701m
**Oor verskeie korridors**
R366m



**Onderwys**
R3.012mjd

**Sentrale Korridor**
R1.265mjd
**Oostelike Korridor**
R560m
**Noordelike Korridor**
R509m
**Suidelike Korridor**
R261m
**Westelike Korridor**
R215m
**Oor verskeie korridors**
R404m

**Paaie en Vervoer**
R2.315mjd

**Sentrale Korridor**
R349m
**Oostelike Korridor**
R67m
**Noordelike Korridor**
R634m
**Suidelike Korridor**
R286m
**Westelike Korridor**
R923m
**Oor verskeie korridors**
R56m

## Waar het ons ons besteding verhoog?

| DEPARTEMENT | AANSUIWERINGS-BEGROTING 2015/16 * | HOOFBEGROTING 2016/17 | % VERANDERING 2015/16 - 2016/17 |
|---|---|---|---|
| Onderwys | 36 852 671 | 39 069 226 | 7.18% |
| Gesondheid | 35 337 087 | 37 408 057 | 5.86% |
| Maatskaplike Ontwikkeling | 3 997 139 | 4 235 362 | 5.96% |
| Menslike Nedersettings | 5 085 904 | 5 871 166 | 15.44% |
| Paaie en Vervoer | 6 481 601 | 7 299 704 | 12.62% |
| Infrastruktuur-ontwikkeling | 2 413 814 | 2 564 853 | 6.26% |
| Ander | 6 873 643 | 6 916 810 | 0.63% |
| **Totale provinsiale betalings en ramings** | **97 041 859** | **103 365 178** | **6.96%** |
| **Maatskaplik** | **76 186 897** | **80 712 645** | **6.50%** |
| **Niemaatskaplik** | **20 854 962** | **22 652 533** | **8.62%** |
| **Totale Begroting** | **97 041 859** | **103 365 178** | **6.96%** |

*** Sluit veranderinge aan die Aangesuiwerde Begroting wat in November 2015 ter tafel gelê is, in.**